PvR Geloofsfamilie Pinkstergebedstyd 2019

Saam met Jesus in die regte wêreld

Vrydag 31 Mei	Saterdag 1 Junie	Sondag 2 Junie	Maandag 3 Junie	Dinsdag 4 Junie
Psalm 139:23-24 [23]Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. [24]Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad! **Bid vandag vir:** **JOUSELF** ● Dat jy bewus sal wees van God se liefde vir jou ● Sê dankie vir wat die Here vir jou doen ● Vra jy geestelik sal groei in hierdie Pinkstertyd ● Vra vir gehoorsaamheid as daar iets is wat jy weet jy moet doen **Familie-oomblik:** Kry 'n spieël. Lees Psalm 139. Vra dan vir God om jou te wys hoe Hy oor jou voel en dink. Vra vir God vir hulp om jouself te sien deur Sy oë.	**Psalm 127:1** As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs. **Bid vandag vir:** **Ons GESINNE** ● Bid vir elke lid van jou gesin op die naam ● Dat verhoudings in die gesin sal floreer ● Goeie kommunikasie ● Begrip vir mekaar ● As daar spanning is, dat dit uitgepraat sal word ● Geleenthede om saam die Here te dien **Familie-oomblik:** Gebed ete - Maak saam as gesin/vriende kos. Kuier en lag saam. Wanneer julle sit om te eet, bid saam. Wanneer julle klaar gebid het, bly dan stil vir die res van die ete. Kyk mekaar in die oë, glimlag vir mekaar, ruik en proe die kos. Hoe was dit om saam te eet sonder om te gesels, maar op ander maniere met mekaar te kontak te hê?	**Jakobus 5:16** Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking. **Bid vandag vir:** **Ons FAMILIE en VRIENDE** ● Wat deur 'n moeilike tyd gaan ● Verhoudingsherstel as daar konflik of onmin is ● Vriende of familie wat die Here op jou hart lê om voor te bid **Familie-oomblik:** Kry julle familiefotos uit. Kyk na die mense op die fotos. Soos julle deur die fotos gaan, bid vir die mense in die fotos. Dank God vir die geleenthede en ervarings wat julle saam kan hê.	**1 Petrus 1:22** [22]Noudat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het om mekaar as broers ongeveins lief te hê, moet julle mekaar dan ook van harte en vurig liefhê. **Bid vandag vir:** **Ons GELOOFSFAMILIE** ● Dat ons Jesus sal volg ● Veranderde lewens ● Getroue, gehoorsame leiers ● 'n Dors na God en die Woord ● Krag teen versoeking ● Finansies vir die bediening ● Mense wat Jesus LEEF!! **Familie-oomblik:** Lego Gebed - Kry vir julle Lego blokkies. Die doel is om "kerk" te bou. Vir elke blokkie wat julle by julle kerk voeg bid saam. Bid vir die uitdagings en geleenthede van ons Geloofsfamilie. Hou aan saam bid vir verskillende elemente van die Geloofsfamilie tot julle kerk regop staan.	**Romeine 15:2** [2]elkeen van ons moet aan ons naaste dink en aan wat vir hom goed is en wat hom in die geloof kan opbou. **Bid vandag vir:** **Ons GEMEENSKAP** ● Veiligheid en beskerming ● Vrede, verdraagsaamheid ● Vergifnis en liefde ● Seën vir elke huishouding ● Weerloses en haweloses ● Die besighede in die buurt ● Vir gesinne wat swaarkry ● Huishulpe en ander werkers. ● Infrastruktuur en onderhoud **Familie-oomblik:** Pak 'n mandjie of bak 'n koek vir een van julle bure. Gaan kuier vir hulle en leer hulle beter ken.

Woensdag 5 Junie	Donderdag 6 Junie	Vrydag 7 Junie	Saterdag 8 Junie	Sondag 9 Junie
Efesiërs 6:6-7 [6]Moenie net werk om deur julle eienaars raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie; werk soos slawe van Christus wat van harte die wil van God doen. [7]Al is julle slawe, doen julle werk met lus, soos vir die Here en nie vir mense nie. **Bid vandag vir:** **WERK en die EKONOMIE** ● Sinvolle werkservaring ● Werk vir werkloses ● Geleenthede vir besighede ● Voldoende Inkomste ● Sinvolle werksomgewing ● Armoede en gebrek **Familie-oomblik:** Praat oor die werkies wat julle elkeen by die huis het. Ruil die werkies met mekaar uit. Pappa doen mamma se werk, mamma doen die kinders se werk, die kinders doen pappa se werk. Waarvoor kan julle dankie sê, en waarvoor kan julle meer geduld mee hê as dit kom by die ander se werkies?	**Jeremia 29:7** [7]Doen ook julle deel dat daar vrede en voorspoed in Babel sal wees. Vra ook in gebed vir die Here dat dit goed sal gaan met die stad waar julle aangekom het toe julle uit julle land weggevat is. As dit met Babel goed gaan, sal dit ook met julle goed gaan." **Bid vandag vir:** **Ons STAD** ● Ekonomiese vooruitgang ● Etiese leierskap ● Goeie infrastruktuur ● Billike tariewe ● Opheffing van behoeftiges ● God se eer en heerskappy ● Geleenthede vir groei ● Vrede en voorspoed **Familie-oomblik:** Gaan besoek een van die landmerke in die stad. Indien julle nie uit kan gaan nie, besoek die landmerk so oor die internet. Ontdek meer oor jou stad. Wat is vir jou mooi en besonders oor die landmerk? As julle 'n landmerk in jou stad kan maak, wat sou dit wees?	**1 Timoteus 2:1-2** Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, [2]vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid. **Bid vandag vir:** **Ons LAND** ● Dat God 'n nuwe seisoen van vrede en versoening in ons land sal laat aanbreek. ● Dat die Kerk, op 'n nederige wyse, in elke gemeenskap sal bid, en aan die leiers sal hulp verleen met wysheid. ● Vir Godvresende geestelike en politieke leiers **Familie-oomblik:** Landsvlag Gebed - Kry 'n landsvlag of prentjie van een. Bid dan saam deur elkeen van die kleure. Geel: Dinge waarvoor ons dankbaar is, Swart: Die dinge wat jou hartseer maak, Rooi: Maniere waarop SA Jesus nodig het, Blou: Dank God vir die dinge wat hoop bring, Groen: Die areas waar ons land nog kan groei, Wit: Die dinge wat vergifnis benodig.	**Romeine 14:17-19** [17]Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaam-heid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee. [18]Wie op hierdie manier vir Christus dien, geniet die guns van God en die agting van die mense. [19]Laat ons ons dan beywer vir die dinge wat die onderlinge vrede en opbou bevorder. **Bid vandag vir:** **Ons VREDE in ons WÊRELD** ● Vrede waar daar oorlog is ● Vir praktiese oplossings vir probleme wat wêreldwye invloed het ● Vir die Kerk om vir die koms van God se Koninkryk te bid **Familie-oomblik:** Kry 'n wêreld kaart. Bid vir elkeen van die kontinente. Bid vir die lande wat na aan jou hart. Bid vir lande wat nie vir Jesus ken nie. Bid vir lande waar mense doodgaan, honger is en swaar kry. Bid vir al die mense om beter na die aarde te kyk.	**Handelinge 2:17-18** [17]Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom. [18]Ja, op my dienaars en my dienaresse sal Ek in daardie dae my Gees uitstort, en hulle sal as profete optree. **Bid vandag vir:** **Ons PINKSTERREEKS** ● Oop harte vir Pinkster ● Jurie Schoeman wat Pinkster lei, asook die ander gaste wat saam optree ● Kinderpinkster ● Musiekbediening wat ons lei **Familie-oomblik:** Maak 'n plan om aandetes, eksamens en tuis werkies vir volgende week vas te maak, sodat julle almal die Pinkster reeks kan bywoon.